VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

## Vir watter span skree jy?

Gebruik vier kaartjies vir die naamwoord (vroeër bekend as die selfstandige naamwoord), vier kaartjies vir die werkwoord, vier kaartjies vir die adjektief (vroeër bekend as die byvoeglike naamwoord) en vier kaartjies vir die bywoord. Jy kan gerus die kaartjies gebruik wat by hierdie aktiwiteit aangeheg is. Pas die kaartjies aan na gelang van die vaardigheidsvlak van jou leerders.

Verdeel die klas in twee spanne, naamlik die **adjektiefspan** en die **bywoordspan**, sonder om te verduidelik wat ’n adjektief en bywoord is. Elke span kies ’n leier. Gee vir die spanleier van die adjektiefspan die adjektiefkaartjies, en vir die spanleier van die bywoordspan die bywoordkaartjies. Hou die naamwoord- en werkwoordkaartjies by jou. Skommel dit goed.

Verduidelik aan die leerders dat jy nou ’n kaartjie gaan trek. Die spanleiers van die onderskeie spanne moet terselfdertyd ook ’n kaartjie uit hul eie pakkie trek. Vervolgens moet hulle bepaal of hul kaartjie die beste pas by die kaartjie wat jy getrek het.

Byvoorbeeld:

**Onderwyser**

*handsak*



**Adjektiefspan**

*bruin*



**Bywoordspan**

*vinnig*



Vra nou vir die leerders wie se woord die beste saam met die woord *handsak* gebruik kan word. Die adjektiefspan gaan waarskynlik aandui dat *bruin* die beste saam met *handsak* pas, tensy die handsak ewe skielik superkragte kry en vinnig kan weghol!

Dit is sommer die ideale geleentheid om te verduidelik dat die woord *bruin* nie die woord *handsak* beskryf nie, maar wel die saak wat deur die woord *handsak* benoem word.

Die woord *handsak* **benoem** die saak. ➔

Die woord *bruin* **beskryf** die saak. ➔



Die span wie se woord die beste pas én met 'n duidelik rasionaal gemotiveer word, kry een punt. Die span met die meeste punte wen.

Nadat die aktiwiteit voltooi is, kan jy die inhoud konsolideer. Gebruik nou metataal, soos **adjektief**, **bywoord**, **naamwoord** en **werkwoord**.

- Staan daar op jou kaartjie 'n woord wat 'n eienskap toeken aan iets/iemand/'n dier, byvoorbeeld ***bruin*** *handsak*?
- Ons noem sulke woorde **adjektiewe**.
- Nog 'n voorbeeld: *Hettie het darem 'n* ***vinnige*** *brein.* [Hier ken *vinnige* 'n eienskap toe aan die saak "brein". Norma se brein reageer gou. Die woord wat 'n naam gee vir jou brein, naamlik *brein*, noem ons 'n **naamwoord**.]

- Staan daar op jou kaartjie 'n woord wat iets anders spesifiseer (of bepaal) deur omstandigheidsinligting (tyd, wyse, plek, graad, ens.) daaroor te gee, byvoorbeeld ***onlangs*** *gewhatsapp*?
- Ons noem dit 'n **bywoord**.
- Nog 'n voorbeeld: *Maak* ***vinnig*** *jou huiswerk klaar.* [Die woord bepaal die werkwoord *klaarmaak* deur te spesifiseer hóé dit moet plaasvind, naamlik gou of binne 'n kort tydjie.]

**Iets vir jou as onderwyser om oor na te dink**

Soms word sommige werkwoorde (byvoorbeeld *maak* en *vind*) saam met woorde gebruik wat jou laat dink dat omstandigheidsinligting gegee word, byvoorbeeld *hoe* iets plaasvind:

- *Die seekosgereg het hom **siek** gemaak.*
- *Sy vind wiskunde **moeilik**.*

Wat eintlik gebeur, is dat *siek* en *moeilik* 'n **eienskap** koppel aan iets wat benoem word, naamlik seekosgereg as 'n ete en die vak wiskunde. Om hierdie rede is die vetgedrukte woorde in die sinne adjektiewe, nie bywoorde nie. Vergelyk:

- *Die seekosgereg het hom **siek** gemaak*. [Die persoon, uitgedruk deur die voornaamwoord *hom*, is siek. Die woord *siek* is 'n adjektief.]
- *Sy vind wiskunde **moeilik**.* [Die vak wiskunde, uitgedruk deur die naamwoord *wiskunde*, is moeilik. Die woord *moeilik* is 'n adjektief.]

Ek hoop hierdie aktiwiteit help leerders om op 'n samewerkende en pret manier krities na te dink oor die *betekenis* van 'n woord, eerder as om voorsien te word van sinne waarin hulle bloot adjektiewe en bywoorde moet identifiseer. Laat weet my asseblief hoe jou leerders dit ervaar het.

VivA-groete

Nadine Fouché-Karsten

**Bronnelys**

Learning at the primary pond. 2020. Five fun activities for teaching adverbs in the primary grades. https://learningattheprimarypond.com/blog/5-fun-activities-for-teaching-adverbs-in-the-primary-grades/ Datum van gebruik: 1 Augustus 2022.

Fouché, N. Wierenga, R. & Pilon, S. 2022. "Woordsoorte: adjektiwiese bywoorde". *Taalonderrigportaal*. Virtuele Instituut vir Afrikaans. [https://viva-afrikaans.org/portale/taalonderrigportaal/afrikaansgrammatika?link=AAG_Woordsoort_ADV_Soorte_Adjektiwies.html]

**Naamwoorde**

| | |
|---|---|
| **vloere** | **koekblik** |
| **Ford** | **repies** |

## Adjektiewe

| | |
|---|---|
| blink | vierkantig |
| spiksplinter-nuwe | fyn |

## Bywoorde

| | |
|---|---|
| onlangs | moeisaam |
| gerieflikheids-halwe | fyntjies |

**Werkwoorde**

| | |
|---|---|
| **gewhatsapp** | **skryf** |
| **geïgnoreer** | **glimlag** |